STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

Saam bring ons Christus aan almal

Eerbied vir God Drie-enig Standvastigheid
Samehorigheid Omgee Verdraagsaamheid

Leesrooster:
Vandag: Genesis 45:1-15; Psalm 67:1-7; Matteus 15:10-28; Romeine 11:1-2a, 29-32
Volgende Sondag: Eksodus 1:8 – 2:10; Psalm 138; Matteus 16:13-20; Romeine 12:1-8

Sondag 20 Augustus - Nagmaal

Erediens & Aanlyndiens 08:15	Erediens & Aanlyndiens 10:00
Ds Leon Marais	Ds Fourie Rossouw
Teks: Romeine 11	Teks: Jesaja 56:1, 6-8
Tema: Misterie Mense	Tema: Die Bymekaarmaker

Kinderkerk 10:00 Aandkerk 18:00
Deuroffer: Instituut vir Dowes

Sondag 27 Augustus - Bybelsondag

Erediens & Aanlyndiens 08:15	Erediens & Aanlyndiens 10:00
Ds Leon Marais	Ds Leon Marais

Kinderkerk 10:00 Aandkerk 18:00
Deuroffer: Courage to Care

Vir jou dagboek
Nagmaal - 20 Augustus
Nuwe Lidmate Kuier - 20 Augustus
Maats in Aksie - 24 Augustus

Bankbesonderhede vir elektroniese dankoffers en bydraes:
NG Kerk Strand-Noord
Absa, tjekrekening
Rek no. 420580037
Takkode 632005

Kiek en betaal
SnapScan

Voorbidding
Ons tree saam in gebed vir die volgende lidmate en hulle families:

- Zhara du Toit en haar gesin van De Beersweg.
- Erna Smit van St Tropez.
- Jean de Klerk van Sarel Cilliersstraat.
- Janse de Jager van Mikrolaan.
- Marina Volschenk van Greystraat.
- Estelle Mostert van Nieuwenhuysstraat.
- Philip Olivier van St Tropez.
- Ben Serfontein van Van Der Stelstraat.

Koskasinsameling - met nagmaal 20 Augustus

Ons wil voortgaan om die lig te laat skyn op ons gemeente se koskas en wat die span doen, om vir ander in hierdie mees basiese nood by te staan en te help.

'n Belangrike aspek van hierdie werk is natuurlik ons nagmaal-insameling. Dit is een van die maklikste en mees praktiese maniere waarop ons as lidmate 'n wesentlike bydrae kan maak vir die fisiese nood in ons omgewing.

Ons benodig asseblief van die volgende produkte:

Sunlight Liquid
Dames Deoderant
Samp (1kg)
Suiker (2.5kg)
Koffie (250g)
Tee
Sakkies gedroogde sopmengsel:
Ertjies

Blikkieskos:
Bullybeef
Ertjies
Tamatie en uie smoor
Vis (asb nie chilli)
Sweetcorn
Sousbone

Baie dankie aan ons gemeentelede wat so getrou bydra om 'n groot verskil in ons gemeenskap te maak. Ons waardeer dit baie.

Ons Sondagoggend-koffiekuiers kort hulp!
Tussen die dominees en die koster word daar behoorlik gespartel in die oggend om alles reg te kry sodat daar lekker vars koffie kan wees na afloop van die eredienste. Ons benodig helpers wat bereid sal wees om by beide dienste te help met die voorbereidings.

Snoekbraai 2023

Ons jaarlikse snoekbraai ten bate van ons gemeente se ondersteuning aan sendingprojekte in Mosambiek, kry hierdie jaar 'n nuwe formaat! Ons nooi jou en jou geliefdes om Sondag 10 September na die afloop van die Gesinsdiens te kom aansit vir 'n lekker Sondagmiddag Snoekbraai ete. Jou kaartjie sluit in 'n lekker stuk snoek vars van die rooster af en oondgebraaide patats. Al wat jy moet saambring is jou eie drinkgoed en 'n slaai of brood vir die "Potluck" - bykostafel.
Ete-kaartjies is aanlyn & by die kantoor beskikbaar teen R75pp.

Kuieragente - Gemeentebediening Aksiespan

Liewe lidmaat
Baie dankie vir die lidmate wat alreeds aangemeld het as Kuieragente in hulle wyke. Ons waardeer en sien raak wat julle doen vir die mense rondom julle.
Ons benodig egter nog 54 kuieragente vir die 54 wyke. Wil u nie asseblief ons ore en oë in die wyke wees nie? Ons wil graag ons visie uitleef deur ons Kuieragente om nuwe intrekkers te verwelkom, asook die ander in die wyk te laat voel ons behoort aan mekaar in goeie en slegte tye.

Wat hoef 'n Kuieragent nie te doen nie?
1.Hoef nie enige vergadering by te woon nie.
2.Hoef nie te kollekteer vir enige iets nie.
Wat in kort word verwag van 'n Kuieragent?
1.Gee siekte, dood of hulp benodig, deur aan die kerkkantoor.
2.Gee om vir die mense in jou wyk.
3.Jy doen dinge op jou tyd.

Sien die onderstaande lys waar ons Kuieragente soek.Indien jy onseker is in watter wyk jy is, kontak asseblief vir Vicky vir die nodige inligting. Indien daar iemand in jou wyk is waarmee jy gepraat het en wat bereid is om as Kuieragent op te tree, skakel asseblief met ons.
Indien die Here jou roep vir hierdie taak, kontak asb vir Vicky Dippenaar by 021-8537223, Leon Mostert by 0828752578 of Mark Victor by 0739988851.

Wyk:	Wyk:	Wyk:
1, 2, 3, 4, 5, 6,	26, 26A, 27, 28,	38, 38S, 38A,
7, 8, 9, 10, 12,	29, 31, 34, 35,	38B, 38C, 39A,
13, 14, 15, 16,	35B, 36, 36A,	39B, 39E, 40,
17, 18, 19, 20,	36B, 36C, 37,	40A, 41, 42, 42A,
22A, 23A, 25	37A, 37B, 37C	42D, 42S

Tygerberg Stadskoor optrede

Sondag 27 Augustus 15:00
NG Kerk Helderberg
R60/kaartjie, beskikbaar by die deur.
Gallia deur Charles Gounod & uittreksels van die Messias deur George Frederick Handel.

Helderberg Teatro @ Doxa Deo

'n Splinternuwe, onafhanklike teater wat sy deure in Julie oopgemaak het om die kunste na Helderberg te bring. Vanuit die ouditorium van Doxa Deo Helderberg, Melcksloot Village, Somerset Wes – 'n lieflike knus, maar moderne fasiliteit wat 350 sitplekke huisves. Die doel is om 'n wye verskeidenheid kunstenaars op die verhoog te kry, sodat daar iets in almal se smaak val. Om voorsiening te maak vir die teaterliefhebbers wat nie saans wil ry nie, gaan daar gereeld 'n Sondag Serenade konsert op Sondagmiddae aangebied word.
Gaan loer gerus na die webblad: www.helderbergteatro.co.za

https://www.facebook.com/NgKerkStrandNoord/
https://instagram.com/strandnoorders
https://ngkstrandnoord.co.za/

Kerkkantoor Tel: 021-853 7223
Whatsapp: 076 147 3039
Vicky: info@ngkstrandnoord.co.za
Ds. Leon Marais: 082 786 4371 / leon@ngkstrandnoord.co.za
Ds. Fourie Rossouw: 082 293 1595 / fourie@ngkstrandnoord.co.za